Wat is Experi-Maatjies?

Experi-Maatjies is 'n opvoedkundige buitemuurse wetenskapprogram wat eksperimente gebruik om vir jong kinders te wys dat die wêreld van wetenskappe pret kan wees.

Dit word gedoen deur gebruik te maak van interaktiewe projekte, oulike demonstrasies en eenvoudige eksperimente.

Die program word in Engels en Afrikaans aangebied.

Daar word gepoog om jou kind se eerste blootstelling aan wetenskap 'n onvergeetlike leerervaring te maak.



Wat gebeur in 'n Experi-Maatjies klassie?

Elke kind dra 'n laboratoriumjassie en veiligheidsbril.



Die doelwit gedurende hierdie tyd is om:

- soveel moontlik PRET te hê.
- vir elke kind die kans te gee om ten minste een eksperiment SELF te doen.
- minstens een eksperiment te doen wat 'n GROOT verrassingselement bevat.
- die eksperimente af te wissel om verskeie wetenskaplike vakrigtings soos Chemie, Fisika, Geografie, Biologie, Meteorologie en Astronomie te dek.
- die wetenskap agter elke eksperiment so eenvoudig moontlik te verduidelik.

Elke week word daar 'n wetenskaplike soos Einstein, Edison of Fahrenheit aan die kinders voorgestel. Deur kinders nou reeds bewus te maak van die belangrike rol wat hierdie mense gespeel het om die lewe vir ons makliker te maak verbreed ons hul algemene kennis op 'n baie eenvoudige en prettige manier.

Na elke klassie kry elke kind 'n "Experi-pakkie" om huis toe te neem. Hierdie pakkie bevat:

- 'n briefie wat verduidelik wat ons tydens die klassie gedoen het en wat ons ontdek het. Dit gee aan u die agtergrond om verder met u kind oor die onderwerp by die huis te gesels
- 'n eenvoudige eksperiment met instruksies wat tuis gedoen kan word, OF die eindproduk van 'n eksperiment wat in die klas gedoen is

Inskrywingsvorm

Voltooi asb. beide kante van hierdie Inskrywingsvorm. Neem dan foto's en stuur dit per WhatsApp of e-pos na die kontakbesonderhede soos op die agterkant verskaf.

Van

Naam

Seun ☐ Dogter ☐

Geboortedatum

Skool

Graad

Onderwyser(es)

Nasorg: Ja ☐ Nee ☐ Taal: Afr ☐ Eng ☐

Besonderhede van ouer 1 / voog

Naam

Van

Selnommer

Eposadres

Besonderhede van ouer 2 / voog

Naam

Van

Selnommer

Eposadres

Experi - Maatjies
Experi - Buddies

GEEN registrasiefooi

Magtiging en Vrywaring

Ek, _____

die ouer / voog van _____

verleen hiermee toestemming dat hy/sy aan die eksperimente van "Experi-Maatjies" mag deelneem.

Ek sertifiseer dat ek verantwoordelikheid aanvaar vir die betaling van die klasgelde.

Ek aanvaar dat, alhoewel daar alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid van kinders in die klassies, daar geen verantwoordelikheid aanvaar word vir enige besering terwyl my kind die klassies bywoon nie.

Ek aanvaar dat hierdie vrywaring ook van toepassing is op die Experi-pakkie en aanvaar verantwoordelikheid vir toesig tydens die uitvoering van eksperimente in hierdie pakkie.

Ek aanvaar dat klasgelde _____ per kwartaal is.

Klasgelde is streng vooruitbetaalbaar en sluit alle benodigdhede in. Ek is bewus dat die program bestaan uit 32 lesse per jaar met 4 hersieningslesse indien tyd toelaat en dat daar geen klasse op openbare vakansiedae is nie.

Ek onderneem om een kwartaal se skriftelike kennisgewing te gee om hierdie kontrak te beëindig.

Ek verleen toestemming dat foto's van my kind op die webwerf www.experi.co.za en op sosiale media gebruik mag word.

Ja ☐ NEE ☐

Ek verstaan dat alle inligting beskerm sal word soos uiteengesit in die Privaatheid Beleid www.experi.co.za.

Allergieë: _____

Datum _____

Handtekening van ouer/voog

_____

ID nr: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Hoe kan jou kind baat by Experi-Maatjies?

Kinders behoort eksperimente te doen om dieselfde redes wat daar vir hulle stories gelees word en waarom hulle aan sport deelneem - eksperimente moedig kinders aan om nuuskierig, kreatief en vol selfvertroue te wees. Eksperimente leer kinders om waar te neem, te vergelyk, te dink en te voorspel - alles terwyl hulle PRET het!

Ontwikkel verskeie opvoedkundige vaardighede:

- Wiskundige vaardighede
- Taalvaardighede
- Oog-hand-koördinasie
- Sosiale vaardighede
- Taspersepsie
- Visuele geheue
- Ouditiewe geheue
- Fynmotoriese vaardighede
- Konsentrasie
- Probleemoplossing

Vir meer inligting kontak:

of beSoek www.experi.co.za

Experi - Maatjies
Experi - Buddies

Jong wetenskaplikes in wording!

www.experi.co.za